

Sondag, 23 Augustus 2026

Skriflesing: Obadja 10-15, 21

Tema: Wanneer jou broer jou vyand word.

VERKONDIGING

Skriflesing

Obadja 10-15, 21

Oor die moorde ¹⁰op jou broervolk Jakob,
oor die geweld teen hom, sal jy verslaan word,
uitgeroei word vir altyd.

¹¹Die dag toe vreemdes die bevolking van Jakob gevange weggevoer het,
het jy afsydig daar gestaan.

Toe uitlanders die poorte van Jerusalem binnegegaan
en oor hom begin lootjies trek het, was jy aan hulle kant.

¹²Jy moes jou nie daarin verlekker het
dat jou broer se dag gekom het nie,
die dag toe die ongeluk hom getref het;
jy moes nie so bly gewees het oor wat gebeur het
met die mense van Juda

die dag toe hulle omgekom het nie;
jy moes nie so uit die hoogte gepraat het
die dag toe die ellende hulle getref het nie;

¹³Jy moes nie die poorte van my volk binnegegaan het
die dag toe die ramp hom getref het nie;

jy moes jou nie ook verlekker het in sy ongeluk
die dag toe die ramp hom getref het nie;
jy moes nie sy besittings geroof het
die dag toe die ramp hom getref het nie;

¹⁴Jy moes nie by die kruispaaie gaan staan het
om sy vlugteling dood te maak nie;
jy moes nie sy oorlewendes uitgelewer het

die dag toe die ellende hom getref het nie.

¹⁵Die dag van die Here is naby,
naby vir al die nasies.

Wat jy gedoen het, Edom, sal aan jou gedoen word,
jou dade sal op jou eie kop afkom.

²¹Die bevrydes op Sionsberg sal optrek
om oor die bergland van Esau te regeer,
en die heerskappy sal aan die Here behoort.

Lukas 11:28 – “...bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.”

PREEK

Broers en susters in onse Here Jesus Christus:

Daar is seerkry wat soos 'n stofwolk deur jou lewe waai. Dit irriteer vir 'n oomblik, maar die wind neem dit vinnig weer weg. Iemand wat jou in die verkeer afsny, 'n vreemdeling se onbeskoftheid, of oppervlakkige kritiek van iemand wat jou skaars ken. Dit is ongerieflik, ja, maar dit laat gewoonlik nie diep littekens op die siel nie.

Dan is daar 'n ander soort seerkry.

Dit is pyn wat diep in die fondament van jou menswees insny. Die seerkry wat kom van iemand wat eers 'n handdruk was, toe 'n drukkie, en later 'n mes in die rug.

'n Broer. 'n Suster. 'n Kind. 'n Lewensmaat. 'n Jarelange vriend.

Hierdie pyn word nie net bepaal deur wat gebeur het nie, maar deur **wie dit gedoen het**. Die gewig van die verraad lê in die geskiedenis wat julle gedeel het. Wanneer iemand wat jou storie geken het, daardie selfde storie teen jou begin gebruik, sny dit diep.

Dit is die ontstellende werklikheid wat ons in die kort boek Obadja ontmoet.

Agtergrond

Obadja is die kortste boek in die Ou Testament, maar sy boodskap is skerp.

Die agtergrond daarvan lê in 'n ou familierelatie. Edom was verbind aan Esau se nageslag en Israel aan Jakob s'n. Jakob en Esau was broers.

Deur die jare het daar spanning tussen hulle nageslagte ontstaan. En toe Jerusalem in 'n tyd van geweldige krisis val, toe die stad aangeval word en mense vlug, staan Edom op 'n afstand. Hulle kom nie hulle broer te hulp nie.

Inteendeel, hulle kyk toe, hulle verheug hulle oor Juda se ongeluk, hulle trek voordeel uit die verwoesting en uiteindelik help hulle selfs om vlugtelingte voor te keer.

Daarom is God se aanklag in vers 10 so betekenisvol:

“Weens die geweld teen jou broer Jakob...”

God sê nie bloot: “Jy het verkeerd opgetree” nie.

Hy sê: **“Dit was jou broer.”**

Die verhouding maak die verraad soveel ernstiger.

En daarmee bring Obadja ons baie naby aan ons eie lewe.

Bartholomeusnag

En miskien is dit juis daarom betekenisvol dat ons vandag ook **Bartholomeusnag** onthou.

In die nag van 23 op 24 Augustus 1572 het een van die donkerste episodes van die Reformatoriese geskiedenis in Frankryk begin. Franse Protestante, bekend as die Hugenote, het in Parys bymekaargekom in 'n tyd waarin daar reeds groot godsdienstige en politieke spanning tussen Katolieke en Protestante was. Wat gevolg het, was 'n bloedbad. Hugenote-leiers is vermoor en die geweld het vinnig deur Parys en later na ander dele van Frankryk versprei. Duisende mense het gesterf.

Maar ons onthou Bartholomeusnag nie vandag om ou vyandskap tussen Protestante en Katolieke aan die lewe te hou nie.

Inteendeel.

Ons onthou dit juis omdat dit vir die kerk 'n waarskuwing is oor hoe gevaarlik dit word wanneer mense ophou om mekaar as mense te sien en mekaar net nog as **die vyand** begin sien.

Mense wat almal die Naam van Christus geken het, het uiteindelik teenoor mekaar te staan gekom.

En daar raak Bartholomeusnag skielik baie naby aan Obadja.

Want eeue voor daardie nag in Frankryk het God reeds deur Obadja gesê:

“Weens die geweld teen jou broer Jakob...”

Dit is dalk een van die verskriklikste dinge wat met ’n verhouding kan gebeur:

Dat iemand wat eens “broer” was, later net “vyand” word.

Dat ons nie meer ’n mens sien nie, maar net ’n kant.

Nie meer ’n broer of suster nie, maar ’n opponent.

Nie meer iemand met ’n naam, ’n verhaal en ’n wond nie, maar iemand wat ons moet wen, verneder of uitskakel.

Bartholomeusnag wys vir ons hoe ver daardie pad uiteindelik kan gaan.

Maar voordat ons na die geskiedenis kyk en sê: “Hoe kon mense ooit so ver gaan?”, draai Obadja die spieël na ons toe.

Want dieselfde beweging kan, op ’n baie kleiner skaal, in ’n familie gebeur.

Dit kan tussen vriende gebeur.

Dit kan selfs binne ’n gemeente gebeur.

Iemand wat eens naby was, word stadigaan iemand van wie ek afstand hou. Daarna iemand oor wie ek praat. Daarna iemand wie se swaarkry my nie meer raak nie. En uiteindelik dalk iemand oor wie se mislukking ek selfs bly is.

Daarom vra Obadja nie net wat met Edom gebeur het nie.

Hy vra wat in **ons harte** gebeur wanneer ’n broer ’n vyand begin word.

En dit bring ons by die eerste ding wat hierdie teks vir ons leer:

Die seerste wonde kom dikwels van mense wat naby was.

1. Die seerste wonde kom dikwels van mense wat naby was

Wanneer iemand wat naby aan jou was jou seermaak, verloor jy dikwels meer as net daardie verhouding.

Jy verloor vertroue.

Jy begin wonder:

Hoe kon hy dit doen?

Hoe kon sy dit sê?

Ná alles wat ons saam beleef het?

Ná alles wat ek vir hulle gedoen het?

Families kan vir dekades uitmekaar dryf oor sulke wonde. Broers en susters praat nie meer nie. Ouers en kinders raak vervreem. Vriende wat eens alles gedeel het, groet mekaar skaars.

Soms kan mense na baie jare nie eens meer presies onthou waar alles begin het nie. Hulle weet net:

Ons praat nie meer nie.

Obadja maak hierdie soort pyn nie klein nie.

God sien Juda se vernedering. Hy sien Edom se verraad. Die Bybel vra nie van 'n mens om voor te gee dat onreg nooit plaasgevind het nie.

Maar Obadja stel ook 'n tweede, moeiliker vraag:

Wat doen hierdie seerkry aan jou?

Ons kan soms so vasgevang raak in wat iemand anders aan ons gedoen het, dat ons nie agterkom wat die wond intussen binne-in óns begin doen nie.

Daarom is die vraag nie net:

“Wat het hulle aan my gedoen?”

nie.

Die vraag is ook:

“Wie is ek besig om te word omdat hulle dit aan my gedoen het?”

Terwyl Obadja die sonde van Edom blootlê, word Edom terselfdertyd 'n spieël waarin ons na ons eie harte moet kyk.

Is daar dalk 'n verhouding waarin ék stadigaan soos Edom begin optree?

2. 'n Broer word gewoonlik nie oornag 'n vyand nie

Wat opvallend is van Obadja 11–14, is dat Edom se optrede al hoe erger word.

Dit begin amper onskuldig.

Vers 11 sê:

“Jy het op 'n afstand bly staan...”

Eers doen hulle niks.

Hulle kyk net.

“Dit is nie my probleem nie.”

“Laat hulle self regkom.”

Maar dan verander iets.

Vers 12 praat daarvan dat hulle hulle oor Juda se ongeluk verheug.

Nou kyk hulle nie meer net nie.

Hulle geniet dit.

Daarna kom die woorde.

Dan trek hulle voordeel uit Juda se ellende.

En uiteindelik kom ons by vers 14, waar Edom by die kruispaaie staan om dié wat probeer ontsnap, voor te keer.

Sien die beweging:

Afstand.

Dan **leedvermaak**.

Dan **woorde**.

Dan **dade**.

Vyandskap groei.

Dit gebeur vandag nog presies so.

Iemand maak my seer.

Ek trek terug.

Dan begin ek anders na hom kyk.

Ek begin oor haar praat.

Ek vertel die storie telkens weer, maar elke keer word die ander persoon 'n bietjie slegter en ek 'n bietjie meer onskuldig.

En wanneer iets verkeerd gaan in hulle lewe, kom daar dalk selfs 'n gedagte:

“Nou sien hy.”

“Sy kry nou wat haar toekom.”

Dit is waar die gevaar lê.

Want sonder dat ek dit besef, begin iemand anders se sonde my eie karakter vorm.

Die kruispad van Obadja word dan ook my kruispad:

Wat doen ek wanneer die persoon wat my seergemaak het, self swaarkry?

Help ek?

Staan ek net en kyk?

Of is daar diep binne-in my 'n deel wat dit geniet?

Dit is 'n ongemaklike vraag.

Maar dit is 'n belangrike geloofsvraag.

3. Jou seer gee jou nie toestemming om ander seer te maak nie

Dit is moontlik om werklik diep seergekry het en steeds verkeerd op daardie seerkry te reageer.

Ons regverdig ons reaksies maklik:

“Maar jy weet nie wat hy aan my gedoen het nie.”

“Maar sy het eerste begin.”

“Maar ná alles wat hulle my aangedoen het...”

En dalk is dit alles waar.

Jy kon werklik onregverdig behandel gewees het.

Jy kon verraai gewees het.

Jy kon verloor het.

Jy kon diep gewond gewees het.

Maar jou wond gee jou nie toestemming om iemand anders te verwond nie.

Edom het 'n lang geskiedenis met Jakob se nageslag gehad. Daar was ou spanning en ou griewe. Maar Obadja maak dit duidelik:

Ou seer kan nie nuwe sonde regverdig nie.

Dit is 'n woord wat baie families nodig het.

Want soms word pyn soos 'n erfstuk aangegee.

“Ons praat nie met daardie kant van die familie nie.”

“Jou oom het dit aan jou pa gedoen.”

“Ons sal nooit vergeet wat hulle aan ons gedoen het nie.”

En later dra kinders en kleinkinders 'n oorlog waarvan hulle nie eens deel was nie.

Iemand moet soms besluit:

Hier stop dit.

Nie omdat dit wat gebeur het aanvaarbaar was nie.

Nie omdat die ander persoon skielik reg was nie.

Maar omdat ek nie langer gaan toelaat dat iemand anders se verkeerde optrede bepaal wie ék word nie.

Hier moet ons ook 'n belangrike onderskeid tref tussen **vergifnis** en **versoening**.

Vergifnis beteken dat ek voor God afstand doen van my reg om wraak te neem en weier om die ander persoon se skuld voortdurend as 'n wapen in my eie hart te dra.

Dit beteken nie dat ek sê die kwaad was aanvaarbaar nie.

Dit beteken ook nie noodwendig dat vertroue onmiddellik herstel word nie.

Versoening gaan verder. Versoening vra dat die verhouding waar moontlik herstel word, en daarvoor is waarheid, berou, verandering en die bereidheid van beide partye nodig.

Daarom kan dit gebeur dat jy iemand vergewe, maar steeds gesonde grense moet handhaaf.

Vergifnis beteken nie dat 'n mens jouself weer en weer aan mishandeling, manipulasie of vernietigende gedrag moet blootstel nie.

Maar vergifnis beteken wel:

Ek gaan nie hierdie mens se skuld elke dag saam met my dra totdat hulle sonde ook my lewe beheer nie.

4. Christus wys vir ons 'n ander weg

En hier bring die boodskap van Obadja ons uiteindelik by Jesus Christus.

Jesus ken verraad.

Een van sy eie dissipels verraaai Hom.

Petrus verloën Hom.

Sy vriende hardloop weg.

Hy word vals beskuldig, bespot en uiteindelik gekruisig.

Tog lees ons in 1 Petrus 2 dat Hy, toe Hy beledig is, nie terug beledig het nie; toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar Homself toevertrou aan Hom wat regverdig oordeel.

Dit is die evangeliepad.

Jesus maak kwaad nie klein nie.

Die kruis wys juis hoe ernstig sonde is.

Maar aan die kruis gebeur iets radikaal anders as wat ons menslik verwag:

Jesus antwoord nie haat met haat nie.

Hy laat nie die vyandskap van ander bepaal wie Hy word nie.

En deur sy kruis doen God iets wat ons self nooit kon doen nie:

Hy versoen sondaars, mense wat van Hom vervreem was, met Homself.

Daarom kan die evangelie ook iets nuuts in ons verhoudings begin doen.

Nie noodwendig dat elke gebroke verhouding môre herstel sal wees nie.

Nie dat alle vertrouwe onmiddellik terugkeer nie.

Maar dat my hart nie meer 'n gevangene van die verlede hoef te wees nie.

Ek kan deur Christus by 'n punt kom waar ek sê:

“Wat jy aan my gedoen het, gaan nie bepaal wie ek word nie.”

Ek behoort aan Christus.

My wond is nie my identiteit nie.

My bitterheid hoef nie my karakter te word nie.

My vyand hoef nie die mag te hê om my hart te vorm nie.

Slot

Wanneer ons daarom vandag Bartholomeusnag onthou, onthou ons nie bloot 'n tragedie uit 1572 nie.

Ons hoor ook 'n waarskuwing:

Moenie toelaat dat 'n broer 'n vyand word en dat die vyandskap uiteindelik bepaal wie jy self word nie.

Die evangelie roep ons 'n ander rigting in.

Waar die wêreld mense maklik verdeel in “ons” en “hulle”, bring Christus mense na die kruis.

Waar bitterheid sê: “Hy moet betaal,” wys Christus vir ons genade.

Waar ou wonde sê: “Ek sal nooit vergeet nie,” gee Christus ons die vryheid om die oordeel aan God oor te laat.

En daarom eindig Obadja met woorde wat selfs ná Bartholomeusnag, selfs ná familietwis, selfs ná verraad en gebroke vriendskappe nog staan:

“Die koningskap sal aan die Here behoort.”

Dit is uiteindelik die antwoord op die hele verhaal.

Nie dat my kant wen nie.

Nie dat ek die laaste woord kry nie.

Nie dat die ander persoon uiteindelik ontvang wat ek dink hy of sy verdien nie.

Die Here kry die laaste woord.

Daarom is die vraag vanoggend:

Is daar iemand wat eens naby aan jou was, maar wat in jou hart 'n vyand geword het?

Miskien kan jy nie verander wat gebeur het nie.

Miskien kan die verhouding nie wees soos dit vroeër was nie.

Miskien het jy goeie rede om grense te handhaaf.

Maar jy kan steeds besluit om daardie deel van jou lewe onder die heerskappy van Christus te plaas.

Here, bewaar my daarvan dat ek op 'n afstand staan en kyk.

Bewaar my daarvan dat ek my verlustig in iemand anders se ongeluk.

Bewaar my daarvan dat die pyn wat ek ontvang het, die mens word wat ek is.

Bewaar my daarvan dat iemand anders se sonde ook my hart vergiftig.

Want die laaste woord in jou verhaal behoort nie aan die een wat jou verrai het nie.

Dit behoort ook nie aan jou bitterheid, jou woede of jou verlede nie.

Die koningskap behoort aan die Here.

En wanneer Christus ook Koning word oor ons wonde, kan ons stadigaan weer leer leef: nie vasgeketting aan wat agter ons lê nie, maar vry, met ons lewe veilig in sy hande.

Amen